




STUDENTEBLAD

van die

P.U. vir C.H.O.

Deel IX.

VRYDAG 7 MEI 1954

No. 2.

FEDERASIE VAN STUDENTERADE REEDS IN SIG

SAL NAAS A.S.B. FUNGEER

DIE BELANGRIKSTE UITVLOEISEL VAN DIE PAS GEHOUE KONGRES VAN DIE A.S.B. IS OM DIE MOONTLIKHEID TE ONDERSOEK VAN 'N FEDERASIE VAN STUDENTERADE WAT APART NAAS DIE A.S.B. SAL FUNGEER. MET HIERDIE FEDERASIE IS DIE DOEL OM ALLE UNIVERSITEITE EN ONDERWYSKOLLEGES SAAM TE SNOER OM FAKULTEITSKONFERENSIES EN KOMPETISIES VAN ALLERLEI AARD TE HOU, WAT DUSVER DEUR DIE A.S.B. SE DEPARTEMENTE VAN KULTURLE AANGELEENTHEDE EN STUDIE EN NAVORSING GEORGANISEER IS.

HIERDIE VOORGENOME PLAN SAL GEDURENDE JULIE BESPREEK WORD DEUR AL DIE STUDENTERADE, SAAM MET DIE HOOFBESTUUR VAN DIE AFRIKAANSE STUDENTEBOND OP BLOEMFONTEIN.

FINANSIEER NIE-BLANKE-STUDENT.

Die beskuldiging dat die A.S.B. nie positief aan sy doelstellings beantwoord nie is op hierdie kongres vir eens en vir altyd die kop ingeslaan. Verskeie besluite wat op hierdie onregverdigte beskuldiging 'n duidelike antwoord gee is geneem. Veral wat die Afrikanerstudent se houding teenoor die naturel betref moes daar vir die buitewêreld 'n helder lig opgegaan het. Nie minder nie as vyf besprekingspunte rakende die naturel is bespreek.

Die positiefste besluit waarin die houding van die A.S.B. teenoor die nie-Blanke uitkom is die nl. om vanaf 1955 'n gematrikuleerde naturel na Fort Hare te stuur vir opleiding in die lettere. O.a. moet hy lid van een van die Protestantse kerke wees en indien moontlik hom bekwaam as onderwyser.

AKADEMIESE SEGREGASIE.

Dat studiesegregasie onontbeerlik vir die gelukkige voortbestaan en ontwikkeling van die Bantoe is, is noodwendig aldus mnr. Hamman van U.O.V.S. Hy het gesê dat die vraagstuk uit opvoedkundige en staatkundige standpunt benader moet word. Onderwys van enkelinge kan nie meganies toegepas word sonder om ag te slaan op die kulturele agtergrond van daardie persone nie. Die geestesgoed van die naturel is anders as die van die Blanke. Wanneer die naturel skouer aan skouer staan met die Blanke op die Universiteit moet hy noodwendig vreemd teenoor die akademies en maatskaplike omgewing voel. Die gevolg hiervan is dat hy later ook vreemd staan teenoor sy eie geestesgoed en met bitterheid vervul word. Die Universiteit moet die student so oplei dat hy van diens kan wees vir die groep waaraan hy behoort en spreker het tot die gevolgtrekking gekom dat aparte Universiteite noodsaaklik geword het.

P.U.-MOSIES.

As gevolg van die oogluikende afskeping van Afrikaans in die sakewêreld het mnr. Jan Visser 'n beroep op alle studente en Afri-

ken is. En op die oomblik is daar 'n stryd in Natal aan die gang dat die Natalse en Durbanse rugby owerhede Afrikaans op amptelike stukke en programme weier.

'n Verdere mosie teen pornografie en prikkellektuur is eenparig aangeneem wat die Minister van Buitelandse Sake in die bekamping hiervan steun.

PERMANENTE SEKRETARIS.

As gevolg van die geweldige uitbreiding van die werksaamhede en organisasie van die Bond het die kongres besluit om 'n permanente Organiserende-sekretaris aan te stel teen 'n beginsalaris van £600, lewenskostetoelae ingesluit. Toe dit egter blyk dat die Bond finansiële in die warm water gaan beland het die Rembrandt-Tabakkorporasie aangebied om die geldelike steun wat nodig is te skenk. Dit is werklik een van die grootmoedigste gebare wat nog aan die A.S.B. gebied is. Hierdie skenking is onvoorwaardelik. Hierdie maatskappy het voorts sy dienste onbaatsugtig aan die plaaslike tak gebied gedurende die kongres met die vervoer van afvaardigings na en van die stasie. 'n uiteindelik een van die puikste afsluitingsdinees in die stadsaal gereel vir die A.S.B. sover bekend.

P.U.-AFVAARDIGING SKITTER.

Van die ses kongresse wat tot op datum gehou is staan hierdie een kop en skouers uit bo die voriges veral wat betref vrugbaarheid van besprekings en positiewe besluite. Die A.S.B. het egter nog nie sy taak volvoer nie. Daar wag harde werk, opoffering en baie meer inisiatief by sommige takke. In hierdie opsig was dit voorwaar 'n openbaring om die taksverslag van die P.U. te vergelyk met sommige van die ander. As dit elders goed gaan dan gaan dit skitterend op Potchefstroom, dit getuig veral die opmerking van die huidige sekretaris toe hy voorgestel het dat die verslag aanvaar word. Die rol wat P.U. vervul het gedurende die besprekings, die kónsekwente houding by ideologiese sake en die knap wyse

(Vervolg volgende kolom).

VISSER EN PELSER GAAN OORSEE

Deur bemiddeling van die Sir Abe Bailey-fonds kan twee Pukke gedurende die Desember-vakansie aan die einde van hierdie jaar 'n toer oorsee maak. Die fonds verkies dat die voorsitter en ondervoorsitter van die betrokke Universiteit se Studenteraad deur die owerheid van die Universiteit benoem word.

Daar is agt Universiteite wat al om die tweede jaar geleentheid kry om aan hierdie toer deel te neem.

Die toer bestaan gewoonlik uit 'n ses-weekse rondreis deur Brittanje en Europa terwyl 'n goeie bedrag aan die studente as sakgeld aangebied word.

Dit is feitlik finaal dat die twee bevoorregtes van die P.U. die here Jan Visser en Piet Pelsers sal wees. Vier Universiteite kan hierdie jaar twee studente benoem om vir hierdie toer in aanmerking te kom. Die vorige studente van P.U. wat oorsee was, was Di. Johan Ligthelm en Victor d'Assonville.

IS THE AFRICAN CONTENTED?

"Black Shambok" Answers

IN THIS SERIES OF ARTICLES, I WISH TO EXAMINE THE SO-CALLED "NATIVE PROBLEM" WHICH HAS BECOME ONE OF THE TRADITIONS OF THIS COUNTRY. WHAT I WILL RAISE WILL BE CONTROVERSIAL AND DURING THE SERIES I HOPE TO TREAT THE GRIEVANCES OF MY PEOPLE, APARTHEID, POSSIBLE SOLUTIONS TO OUR PROBLEMS, THE BLACK MAN'S ASPIRATIONS AND ALSO AN APPRECIATION OF WHAT THE WHITE MAN HAS DONE FOR MY PEOPLE.

Just a word about the writer. I am a graduate of the University of S.A. I have met Members of Parliament and other important officials and together, we have shared views on many subjects that concern my people. My forebears were Christian and I am the third generation of Christians in our stock.

During these articles, I use the word "African" when I refer to my people. We refer to our enter into the pros and cons of the matter in this short article. The name "Bantu" means 'people' and refer to any racial group on earth just as the word "Native" both of which I discard. I do not consider "Kaffir" as suitable as it is not only derogatory, but most detestable and objectionable.

(Vervolg van vorige kolom). waarop mnr. Jan Potgieter as president die kongres gelei het, verdien alle lof.

IS THE AFRICAN CONTENT?

Let us examine a few fundamentals that contribute towards dis-


(Vervolg op bls. 3, kol. 1).

Op die foto verskyn die Volkspiegegroep van die P.U.-laer wat die louere met die A.S.B.-kompetisie weggedra het. Die pragtige spel was 'n lus vir die oog om te aanskou en die uitslag was geen verrassing vir die toeskouers nie. Agter (l.n.r.): L. Croeser, D. Hamman, S. du Plessis, C. Coetzee, M. du Plessis, B. Kukuk, M. Scheepers, P. Thiel, H. König, P. Theron, T. v.d. Merwe, H. Coetzee, E. Coetzee.

Voor (l.n.r.): B. Botha, L. du Plessis, R. v.d. Walt, J. VeVnter, A. Vorster, P. C. Kruger, Philip Kruger, A. Kruger.

Foto: Beyers Claasser.

kaansspreekendes gedoen om Afrikaans tydlig en ontydig te gebruik in die handelswêreld. Onthou sal word dat Afrikaans veral op die jongste Paasskou gruwelik mis-



Mnr. D. F. Erasmus was op die hoofbestuur van die Afrikaanse Studentebond verkies is om die pos Direkteur van Kulturele Aangeleentede te behartig. Die hoofbestuur het op sy jongste vergadering mnr. J. H. (Winties) van Niekerk verkies tot penningmeester. Die res van die hoofbestuur bestaan uit:

Mnr. Henno Cronje, President (U.P.)

Mnr. Con Botha (U.S.) Vise-President.

Mnr. J. v.d. Lugt (U.S.) Direkteur van Buitelandse Toere.

Mnr. S. v. Tonder (U.O.V.S.) Direkteur van Studie en Navorsing.

Mnr. K. Hamman (U.O.V.S.) Direkteur van Publikasies.

Mnr. R. C. v. Rensburg (N.K. Pta.) Direkteur van Buitelandse Studentebetrekkinge.

Mnr. T. Langley (U.P.) Sekretaris.

Die sekretaris sal aanbly tot die volgende kongres wanneer die permanente Organiserende-Sekretaris aangestel is. Die posisie van die penningmeester is nog nie presies bepaal met die aanstelling van die permanente sekretaris nie. Dit wil voorkom asof ook hierdie pos deur die permanente Sekretaris behartig sal word.



Die Wapad.

VRYDAG 7 MEI 1954

Offisiele Studentekoerant van die P.U. vir C.H.O.

REDAKSIE.

HOOFREDAKTEUR.....	D. F. Erasmus.
SUB-REDAKTEURS: Sport.....	Koos Hugo.
	Mej. B. Botha.
Nuus.....	D. F. Erasmus.
Varia.....	Mej. L. Grobbelaar.
	Mej. Ponie du Plessis.
Kuns.....	G. v.d. Bergh.
FOTOGRAAF.....	F. Botha.
SPOTPRENTTEKENAAR.....	J. Smith.
ADMINISTRASIE.....	C. Schlesinger (Voors.)
	A. Hechter.
	A. E. Makkink.
	L. Swart.
	V.d. Dissen.
	H. Swanepoel.

Teorie en Praktyk

Elke mens besit sy eie opinie oor elke saak van die lewe. In kort dus, sy teorie. Maar, elke mens bevind hom ook in die werklikheid en dit hang van sy lewens- en wêreldbeskouing af hoe hy hom teenoor hierdie werklikheid gaan gedra.

Nou is die vraag hoe die mens hierdie twee sake bymekaar gaan bring. Enersyds sy teorie of beginsel en andersyds die uitlewing daarvan in die praktyk.

Dit is hier onnodig om te konstateer dat die Universiteit waaraan ons verbonde is 'n uitgesproke beginsel handhaaf wat ons een en almal behoort te onderskryf as ons die naam van Christen wil dra. Elke mens tog handhaaf 'n beginsel, selfs die beginsellose se beginsel lê daarin dat hy geen beginsel besit nie. Maar dit val te betwyfel of laasgenoemde hom onder ons bevind. Tog is dit treffend dat mens in die daaglikse omwandeling wel diesulkes raakloop wat handel soos 'n beginsellose, terwyl dieselfdes met groot bohaai ter verdediging aanvoer dat hulle wel tog 'n uitgesproke beginsel besit. En dit is juis hier waar die kruks van die saak lê: dit is maar moeilik vir hierdie kader van mense om die teorie in harmonie met die praktyk te bring. In hulle dra hulle die mees tipiese van die 20ste eeu; die van die kompromie. Vir die mens van hierdie eeu, en ook vir die student, het dit blykbaar noodwendig geword om teorie en praktyk, die beginsel en die uitlewing daarvan absoluut te skei

Maar in werklikheid is teorie en praktyk hoegenaamd nie twee waterdige apartemente wat niks met mekaar in gemeen het nie. Hoe is dit moontlik dat mens dan bemerk dat die beginsel wat bogenoemdes handhaaf nie strook met hulle optrede in die praktyk nie? Die antwoord lê voor die hand: Soos die mens doen so dink hy. Teorie en praktyk bots dus in waarheid nie met mekaar nie. Die beginsel wat hierdie mense propageer het as hulle eie is in werklikheid nie hulle beginsel nie. Die praktyk wys dit klaar en helder uit dat hulle wel 'n beginsel besit EN handhaaf, maar die tragiese is dat dit nie die een is wat hulle so verkondig nie. Hier word dus uit twee monde gepraat, met twee harte gedink en 'n verdrag met die kompromie gesluit. Hoe is dit moontlik dat 'n mens uit twee monde kan praat? Om kort te wees: dit is onmoontlik. Mens kan nie twee here dien nie . . .

Ons het op die P.U. vir C.H.O. ook 'n beginsel wat ons in die praktyk moet uitlewe. „Skei” ons ook teorie en praktyk of is ons studente wat anders studeer en lewe as wat ons behoort? OF, dien ons twee here . . .?

Korrespondensie:

DANKIE AAN DIE WAPAD”

P.U. vir C.H.O.,
28 April 1954.

Geagte Redakteur,

By die verskyning van **Die Wapad** aan die begin van hierdie jaar het ons Pukkies se harte weer warm geklop; te meer omdat die hoofartikel „Vyand In Ons Midde” die juiste gees adem vir 'n Offisiele Studentekoerant van die P.U. vir C.H.O.

Tereg word daar gewaarsku teen die verbodering wat voortspruit uit die valse teestelling tussen beginsel en praktyk. Hoe baie is daar wat dit goed vind om aan 'n Universiteit te studeer met die beginsel In U Lig, maar sodra dit by die praktyk kom saamgaan met die Liberaliste wat in die studentegemeenskap insluip.

Die studentelewe aan die P.U. vir C.H.O. is geen beginsellose lewe nie. Beginsels vir die verstand tel weinig, want die ware beginsel

is juis daar vir die praktyk. Daarom is dit ons plig om met die „teorie” In U Lig erns te maak in die studentelewe.

En mag ons weet wie die skrywer van genoemde hoofartikel was in die vorige uitgawe?

P.G.W.

(U opmerkings is 'n riem onder die hart en dit verbly 'n mens om te weet dat daar tog studente is wat dit erns wil maak met die uitlewing van die enige ware beginsel. . . Tensy anders, vermeld word alle hoofartikels deur die hoofred. geskryf.—Hoofred.)

Uitspan.

Geagte Redakteur,

Hiermee wil ek my teleurstelling uitspreek met die vorige uitgawe van **Die Wapad** met betrekking tot die **Varia**. Daar hierdie afdeling van die blad seker een van die belangrikste weergawes is van die

studentelewe, voel ek dat daar hopeloos te min plek voor afgesonder was. Blykbaar het inkorting van rubrieke plaasgevind. Maar waarom vind dit net in een rubriek plaas?

Ek voel regtig dat daar meer **Varia** en **Fotos** geplaas moet word. Daardeur sal meer kleur aan die blad verleen word.

J.G.V.

(Ek verskil van u as u beweer dat die **Varia** een van die belangrikste weergawes is van die studentelewe. Ons is nie net hier om grappies te maak nie en ons blad die stempel van 'n tweede Grap-koning te gee nie. In ieder geval handel die redaksie op grond van 'n skrywe van die S.R. Ek haal uit hierdie brief aan: „Die **Varia** moet beperk word tot hoogstens 10% van die totale drukoppervlakte van die **Blad** . . . Wat betref sportberigte moet daar minder aandag gegee word aan wedstryde wat plaaslik afgespeel word . . . Meer aandag moet aan wedstryde wat elders gespeel word, gegee word.”

U vra meer fotos. Die S.R. het as volg hieroor geskryf: „Alleenlik intekengelde moet aangewend word vir die vervaardiging van blokke (fotos), met dien verstande dat blokke nie vir meer as £45 vervaardig mag word nie . . .” Wat is die toestand nou? Ons ondervind dat twee kamermaats op een „**Wapad**” inteken. As die **Pukke** nie hulle plig nakom nie vra die redaksie u om nie met hom oor hierdie leemte te kom raas nie. Die redaksie kan dus slegs drie fotos per uitgawe plaas met die beperking dat die blokke nie groter as dubbelkolom is nie. Vir 'n enkelkolomfoto betaal ons dieselfde as vir 'n dubbelkolom se foto. Die Redaksie en Administrasie doen dus 'n dringende beroep op alle **Pukke** om in te teken as u 'n ordentlike blad met „kleur” wil lees.—Hoofred.)

Thaba Jäh,
30 April, 1954.

Die Redakteur,
„Die Wapad”,
P.U. vir C.H.O.,
Potchefstroom.

Geagte Meneer,

Ons glo dat ons namens baie persone praat as ons sê dat ons voel ons mors ons tyd by „sing-songs”. Hiermee bedoel ons nie dat die fout by die aanbidding lê nie, maar wel by 'n sekere deel van die massa. Waarom gaan ons „sing-songs” toe as 'n sekere groepie mans die heel aand skree en lawaai en vaal grappies maak—wat nie eers deur almal gehoor kan word nie?

Is dit studentegees? Wel, ons noem dit niks anders as opmors van ons „sing-songs” nie.

Dis die rede waarom ons sang afsteek teen dié van die ander universiteite met Intervarsity. Ons kan nie die geleentheid, om ons sang op te knap, benut nie.

As daardie mans dit geniet om so onopgevoed op te tree en te skree en te lawaai, waarom doen hulle dit nie elders, sodat die wat kom om te sing dit wel kan doen nie? Ons is seker almal sal veel gelukkiger voel as die **Pukke** by „sing-songs” hartlik kan saamsing, i.p.v. net 'n onordelike lawaai te sit en aanhoor.

In die verlede het dit wel lawaaiërig toegegaan, maar ons kon darem nog altyd gesing kry, maar nou kan ons dit maar opgee en net sit en luister hoe die agterhoede van die saal probeer aandag trek. Hul slaag dan ook daarin—op 'n uiters oneffektiewe wyse.

Almal van ons hou van grappies, maar daardie grappies en „whit” raak nou afgesaag.

Ons dank u vir die plasing.

MEJ. B. KES en K. DU RAND.

Oordenking

Ps. 30: 6 . . . „saans vernag die geweene, maar smôrens is daar gejuig”.

Saans geweene . . . smôrens vreugde, as hy sterwe in sy lewensaand is daar geweene.

Wat 'n waar woord. 'n Bekende skepping en veral in die mensewêreld.

Kyk na die kindewêreld—hoe hulle bedags speel en werskaf tot dit aand word en dan skaars kan klaar eet omdat „vaak” gepaard met „moeg” hulle oorval, en dan is dit huil-huil na bed totdat die slaap hulle oorweldig. Die volgende môre egter is alles weer fris en lewendig.

Kyk na die wêreld van groot mense—saans keer die landman moeg en moedverlore na sy huis—in die môre is daar weer nuwe moed en nuwe planne!

En in die studiewêreld—hoe moeilik dikwels om saans nog meer „in” die hoof te kry—maar die ander dag môre is alles weer fris, en wat saans nie meer wou in nie, skiet smôrens as vanself sommer die geheue binne!

Kyk na die dierewêreld—hoe beoud word dit vir die swakker diere in die aand wanneer „die jong leus-brul na roof” (Ps. 104: 21), maar as die son opgaan is daar verligting.

Ja, waarlik, daar is saans geweene—veel en velerlei—maar smôrens gejuig—ook in velerlei vorm en krag.

Die aand en môre van die menselewe en skeppingslewe albei met hulle geweene en gejuig. As die mens gebore word is daar heid.

In die môrestond van die skepping, so sê die Skrif, het die môresterre en die seuns van God gejuig (Job. 38: 7) maar in die aand van die skepping sal mensekinders ween, wanneer Christus in sy wederkoms, die skeppingslewe afsluit, dan sal „al die stamme van die aarde rou bedrywe” (Matt. 24: 34). Dan sal die nood-oproep gehoor word tot die berge en rotse: val op ons en verberg ons!!

Ja, waarlik, die menselike geslag sal sy lewensaand ingaan met geweene, die opgehoopte eeuevloek!

En as die skeppingsaand nader sal daar skriklikhede gesien en gehoor word, die geweene van die sugtende en steryende skepping! „daar sal tekens wees aan son en maan en sterre, en op aarde benoudheid van nasies in hulle radeeloosheid wanneer see en branders dreun . . . want die kragte van die hemele sal geskul word” (Luk. 22: 25, 26). Die skepping sal sy lewensaand ingaan met geweene die opgehoopte eeue-lyde!

Maar na hierdie aand-geweene van die ou skepping en mensheid sal daar herrys, in die môrestond van die herskepping, 'n nuwe hemele en 'n nuwe aarde met 'n mensheid en dan sal die ewige inlui die môre-gejuig van die ewig-

EXCELSIOR MEUBELS

Kerkstraat 132, POTCHEFSTROOM. Foon 743.

Ons nooi Pukke, Oud-Pukke en Vriende om ons Vertoonlokale te kom besigtig.

Ons roem daarop dat ons diens ongeëwenaard is in die meubelbedryf.

ONS REËL AFBETALINGS WAT BY NUWE BEGINNERS SE INKOMSTE PAS.

P. W. BUYS,

U Verteenwoordiger van

REMBRANDT

Meyerstraat 9 — Telefoon 897.

POTCHEFSTROOM.

N.B.

KONTANTWINKEL

LANGS NOORDBRUG POSKANTOOR, POTCHEFSTROOM

Eienaar:

A. J. BOTHA.

Ons is naby en altyd tot u diens.

KRUIDENIERSWARE EN SKRYFBEHOEFTE.

Alle Lekkernye, Sigarette, Roomys, en Koeldrank.

IS THE AFRICAN CONTENTED?

(Vervolg van bls. 1, kol. 5).

contentment of our people.

(a) **Lack of Freedom.** That we do not enjoy any freedom in this country that boasts to be a democratic state, goes without saying. Whatever freedom we enjoyed is being taken away with every new legislation. Freedom of movement, of education and of land ownership are denied to us at a time when all world opinion is for progressive features to all peoples. The Pass Laws have contributed and are contributing to great suffering to my people: They have wrecked homes and are responsible for the large number of people who fill the gaols. They take away all freedom from us, they are a cloud of suspicion that hangs over our heads all the time and are instruments of oppression that cannot, but be detestable.

(b) **Freedom of speech.**

If we air our views or condemn what is not acceptable to us, we are labelled Agitators, Communists or “Ungrateful Kaffirs”. There are penalties for Communists or persons with Communistic tendencies, and as a result we choose to keep quiet lest we be victimised. Even as I write this article, I constantly question the wisdom of doing so. In this way, the rest of the races of S.A. or of the world remain in sheer ignorance about what we think.

(c) **Exclusion from participation in the State.**

The franchise is denied to us, neither can we be eligible to parliamentary seats. When legislation that affects us is drawn up, we are never consulted. This presupposes that we cannot contribute to what concerns us as we, perhaps, cannot think and are therefore of no consequence. I expect some reader to remind me that we had the Native Representative Council which we rejected. Why complain therefore? This body was a ornate monstrosity that had no powers and during its career, it remained a glorified debating society that it was meant to be and none of its resolutions came to anything. Our public opinion declaimed against it unless it was modified and when this was not conceded by the government our leaders rightly boycotted it.

(d) **Lack of Courtesy.**

The African does not enjoy any courtesy from the White people in this land and where one meets it, one is so shocked at its display for it is a rarity. We receive insults at shops, railways, hospitals, factories, public places and homes of Europeans. In some parks,

notices like: “Dogs and Natives are not allowed” are displayed. In the shop it is “Ja, John”, “Ja, Kaffer”, etc. It is interesting to note that the man who hurls the worst abuse at an African receives the greatest praise from his White compatriots. If the African could be treated with a modicum of common decency—not because he is educated or rich, but because he is one of God's own creations—I am certain there would be less friction in the country and a step would be taken to healthier race relations. Perhaps, this is a Utopian idea in this country where indoctrination and the incalculable of race hatred begins at the tender age, but some attempts in this direction would see the White man grow in stature instead of diminishing as he seems to fear.

(e) **Lack of opportunity.**

We all aspire to be teachers because we have no other opportunities to be doctors or lawyers, they have seized the opportunity. What we clamour for are more opportunities to serve our people: responsible posts in fields which concern our people and we shall prove to the world our efficiency to lead our masses.

(f) **Racial discrimination.**

The laws of the country and their practice all go to show that what is designed for the European is not good enough for us. If S.A. is a democracy in the accepted sense, then her laws, attitudes and policies should be such that the race, colour and creed of the individual should not be the criterion when he has to be given basic human fundamentals, but the Holy precept that the are all equal in the eyes of God, should be the order of the day. It is common justice we yearn for and the destruction of all these racial barriers that engender racial hatred and disharmony in the country.

(g) **Injustice.**

Recently a European killed an African. During his trial, it came out that as he was assaulting him, people who wanted to intervene were stopped because it was said that the man was only killing a “Kaffer”. The African's wife, who tried to protest was also assaulted. This man who had committed murder of the first degree, escaped with a suspended sentence. Do you call this justice? Suppose the case was reversed and it was the African who had committed the murder. What would have been the position? This is an isolated case among many where justice appears to be dispensed according to the colour of the individual.

(h) **Poverty.**

Most of our people receive low wages and are therefore condemned to live in poverty and even below the bread line. The housing conditions under which they live are most appalling. Go to Moroko or Orlando Shelters to see how that seething mass of humanity lives. There you will see conditions that are unimaginable. In these veritable slums, disease is rife, infant mortality is high and these unsavoury conditions breed criminals, dissatisfaction and demoralization. Does one wonder that hardly anything good can come out of these places? As the wise say, “you can't get pure water from a cess-pool”.

What then do you surmise from these facts? Is the African content? Can we not come to some equitable understanding in this country? If not, whither are we going?

“BLACK SJAMBOK”.

Sosiale Nuus

Dit is aangenaam om te berig, Normaal en Puk na Witrand gedat Corrie Oberholzer tot die nuwe burgemeester van Tarentaal verkies is in die plek van Oupa Gutter wat ons verlaat het.

Daar is nogal belowende genieë onder die eerstejaars, soos blyk uit die volgende teorieë wat hulle hier kom verkondig het:

„Oom Gert” is die Puk se dirigent.

Ingram is die Puk van self.

J. Heidema is 'n nuwe inwoner van die manskoshuise, maar was dit ongelukkig net gedurende die ontgroening.

Die eerstejaar dames glo dat as 'n ouheer en 'n oudame sleep en hulle is enigins naby 'n boom, dan sit hulle in 'n mik, en sodra daar 'n eerstejaar verby kom, dan maak hulle haar skrik.

Omdat mej. Cecile Bosman, weëns haar sos-wet neigings, die uitbreiding van ons ou nasie so op haar hart dra, het sy haar aan Daan Eloff, Puk se uitbreidings-beampte verloof.

Mej. Elfrida König voel haar so aangetrokke tot ons Afrikaanse bodem dat sy haar aan die kant van ons Boere-seuns geskaar het.

Die skielike kort kouetjie wat ons so 'n rukkie terug ondervind het, het blykbaar sommige mense se Hothouse liefdes plantjies laat doodryp, en nou het Venessa besluit dat 'n klein Ford-karretjie die beste ding is teen koue.

Op Saterdag, 3 April, het daar bykans 'n honderd studente van

gaan. Die besoek was interessant en hulle het ook 'n lesing ontvang oor swaksinnigheid. Hulle is baie vriendelik ontvang (Die besoek was blykbaar nie permanent nie want al die studente het weer terug gekom).

Die nuwe stapelvoedsel van die studente is: duisende toetse al in die eerste kwartaal. Dit word by die ou basis van tonne referate gegooi, en daarmee neem 'n mens 'n knippie sout.

S.A.V.F.-KOFFIEHUIS

SPOEDIGE BEDIENING;

Geroosterde Etes;

PIJK TUISGEMAAKTE

GEBAK.

ONDERSTEUN ASB. ONS ADVERTEERDERS

TRANSVAAL TYPEWRITING SERVICE.

C.N.A.-GEBOU, POTCHEFSTROOM.

Transvaalse Tikmasjiendiens.

Vir alle Tikmasjiene- en Reparasiedienste. Alle werk gewaarborg. Nuwe en Tweedhandse Tikmasjiene te koop.

Telefoon 1080.

J. HEIDEMA

vir

FIETSE

en

MOTORFIETSE

J. HEIDEMA

Kerkstraat 30,

(teenoor Geref. Kerk)

POTCHEFSTROOM


„Rembrandt is easy on my throat”

TITO GOBBI
Beroemde Italiaanse
Bariton


BESTUDEER HIERDIE FILTERKAART



Rembrandt se Golden Throat-filter met lagies watte tussen kreukelpapier. Breek die filter oop en kyk self.



Sonder die watte tussen die lagies kreukelpapier, sou die rook reguit deur die papierlae getrek word, sodat strale warm rook die tong tref.



Die Golden Throat-filter wat eksklusief deur Rembrandt gebruik word, gee koel, verspreide rook—geen teken van tongbrand nie!

Net Rembrandt het die „Golden Throat”-filter

STANDAARD GROOTTE 1/5 VIR 20, 3/6 VIR 50. VAN RYN-GROOTTE 1/9 VIR 20

Kopiereg.

RFA.6X

Weervoorspelling vir

Tweede Kwartaal.

In die vroeë oggend sal ligte kyswolke oor die bankies pak as gevolg van die behoefte aan hitte. Later in die dag sal winterkyswolke oor die „Bergstreek” sprei. Dit word verwag dat die „groot berg” onsigbaar sal wees. “Panic” temperatuur vir die komende toetse sal effens bo die gemiddelde wees. In die middag sal matige tot sterk swatwinde oor die Ghatlandt en die Vleuel en die Uitspan van ons Heimat waai. Swaar predikakte donderstorms kan teen dide aand se kant toe voor die hoofgebou en laboratoriums verwag word.

Die moontlikheid dat sommige vensterruite weer 'n slag gewas gaan word is nou sterk aangesien dit rugbaar geword het dat sommige van die maerder spesies van die koue sal verkleum omdat die middagsonnetjie nie kan deurkom in die kamers nie.

J. R. VAN DER WALT
APTEEK
Kerkstraat 111,
POTCHEFSTROOM.

ONDERSTEUN 'N OUD-
P.U.-KANER.

Ek voorsien ALLES wat van 'n
APTEEK verlang word.

TURKSTRA BAKKERY
RAADPLEEG ONS VIR

Bruidskoeke, Brood
en
Alle Koeksoorte.
ELKE DAG VARS.

J. TOD SUTTIE,
KOMPLETE
Mansuitrusters
vir al u
Klerasie en ander benodighede.
Kerkstraat 127,
Foon 1, POTCHEFSTROOM.

GROENPUNT-KAFEE,
Von Wiellighstraat,
vir
Vars, Smaaklike Vrugte
en **Groente.**

J. J. JACOBS,
Von Wiellighstr, 18, Potchefstroom
vir kwaliteit Skoenreparasies.
Tevredenheid gewaarborg.
Tweedehandse Graansakke sonder
gate te koop teen 1/4 stuk.

STUDENTE . . .!!!
Vir al u
Handboeke,
Skryfbenodighede,
Leertasse,
Geskenke, ens.!

EBSOEK ONS EN WEES
VERSEKER VAN GOEIE
DIENS.
POTCHEFSTROOM
BOEKHANDEL
Kerkstraat 90,
Telefoon 497,

ED. L. OOMS

(N.S.T.O., N.V.V.O. Ned.)

OOGKUNDIGE.
Brilspesialiteit.

U oë getoets op modern-wetenskaplike metode.
Kerkstraat 129, Foon 980, Potchefstroom.

EIE OPTIESE SLYPERY.
Depôt: CARLZEIS-JENA.

THEOS MAAK LIGAVOORBOKKE SKRIK IN W.P.

„Vergelyk Goed Met Suide”—

KOOS HUGO

DEUR EEN WEDSTRYD TE WEN, EEN GELYKOP TE SPEEL EN TWEE TE VERLOOR
HET DIE THEOSTOERSPAN NA DIE BOLAND EEN VAN DIE LEERSAAMSTE TOERE GE-
MAAK WAT SOMMER NOG BAIE LANK IN DIE GEHEUE SAL BLY VAN DIE SPANLEDE.

DIE VERRASSING VIR DIE BOLANDERS WAS DIE WEDSTRYD TEEN SOMERSET-WES.
HIERDIE KLUB WORD BESKOU AS DIE STERKSTE IN DIE WESTELIKE PROVINSIE EN HET
'N WEEK VOORDAT THEOS TEEN HULLE GELYKOP GESPEEL HET (11 ELK) DIE MATIES
20-0 MET DIE KOUS OOR DIE KOP TERUG GESTUUR STELLENBOSCH TOE. IN HIERDIE
WEDSTRYD HET DAAN ELOFF GESLAAG MET 'N STRAFKOP, BILLIE DUVENAGE MET 'N
DRIE EN KLEIN DICK PUTTER MET 'N DRIE WAT HY SELF VERVYF HET.

Noordelikes, die span van Hen-
nie Muller, was eweneens 'n nag-
merrie en hoewel Theos 'n kwar-
tier voor die einde 14-0 agter was
het hulle skielik herleef en gesorg
vir 'n verrassende 11 punte. Hier-
die span se voorosse was ge-
middeld 12lb. per speler swaarder
as die Theosblokke. Hier het Klein
Dick weereens geslaag met 'n
skepdoel, Billie Duvenage met 'n
drie deur Lang Stoney Steenkamp
vervyf en in die doodsnikke van
die wedstryd het die voorspelers
met 'n stormloop die bal agter die
doellyn toegeval. Eindtelling 14-
11.

MATIES WEN.

'n Derde wedstryd binne 5 dae
was egter te vermoeiend vir die
span en dit teen die Maties met
twee uithaler senters in die per-
son evan Springbok Daantjie Ros-
souw en Jan du Preez wat beide
vir Westelike Provinsie diens
doen. Daarbenewens was Blom op
die krukkelys en Dick Putter (die
grote) met 'n beseerde skouer 'n
terugslag vir die span. Laasge-
noemde het egter gespeel. Op die
pawiljoen het die Maties blokvas
gesit en vir hulle span geskree
terwyl al wat nie-Matie was vir
die Pukke kant gekies het. Vol-
gens sommige van die spelers het
dit gevoel asof hulle die oorlogs
veld betree. Maties het vinnig af-
gesit en kort voor lank was Daan-
tjie Rossouw soos 'n vetgesmeerde
paling deur 'n gaping. Hy het be-
tyd saan Jan du Preez uitgegee
wat onder die Theosmanne uitge-
geil het om die pil te plant. Kort
hierna het dieselfde storieltjie hom
weer herhaal. Lang Steenkamp
het egter Theos se moeite beloon
met 2 strafskoppe nadat ons man-
ne op die Maties se doellyn gaan
kampeer het. Die rustydteelling
was 6 elk. Tot op hierdie stadium
was die wedstryd taamlik gelyk-
op. Maar toe die vermoeiende toer
sy tamheid laat geld het die Maties
met alle mag begin slaan op die

verdediging en stadig maar seker
die skroef begin aandraai. Toe die
pap darem te dik word moes die
Pukke se uithoudingsvermoë ver-
kummel en kon Maties drie ver-
dere drieë aanteken en een ver-
vyf. Lang Steenkamp kon egter
weer slaag met 'n strafskop. Eind-
telling 17-9.

Die wedstryd teen Beaufort-Wes
was nie so straf nie. Theos het
hier die louere weggedra met 11-6.

THEOS VERGELYK GOED.

Na vier wedstryde teen vier van
die sterkste klubs in W.P. kom

die vraag onwillekeurig by mens
op hoe Theos met die spanne van
die Suide vergelyk. Koos Hugo wat
saam met die span getoer het
skryf as volg: „Theos vergelyk
baie goed met die Suide. As mens
in aanmerking neem dat die eers-
te drie wedstryde teen die drie
sterkste spanne afgespeel is en die
Theosspan geen kafferpak op die
lyf geloop het nie het 'n mens rede
om aan te neem dat Theos uitste-
kend gevaar het vir diegene wat
miskien ontevrede voel dat Maties
die stryd gewen het kan hierdie



Aan grappige voorvalle en post-
se bak het dit nie op die afgelope
toer van Theos. ontbreek nie. Toe
die seereis op een stadium dreig
om 'n ramp te word (die groot
dam was glo effentjies onstuimig
en die boot wou net omkeer) was
die blink gedagte om die Theos te
herdoop na Navy uit vrees dat on-
Pukke dalk sonder 'n Theos sou
wees. Op die foto word Abie
Pelzer geskraap omdat hy toe nog
nie gaan nat maak het in die see
nie.

vergelyking dalk as trooswoord
dien.

„Geen uitsonderings kan gemaak
word nie aangesien daar net een
uitsondering was en dit is Theos.
Ondervinding was 'n leermeester
wat die hele toer meegemaak het
en wat verskeie van die span se
foute ontbloot het.

„ALLES was 'n droom. Ons
gashere was eintlik te goed vir ons
gewees. Party manne het tot 12
lb. in gewig vermeerder. Aan
grappe, poets en pittige sê-goed
het dit nie ontbreek nie en dit het
grootliks daartoe bygedra dat die
toer 'n aangename spangees tot
gevolg het. Veral ons reispa, Oom
Piet de Wet, was baie goed vir sy
kinders. Die toer was 'n reuse
sukses en die goeie vrugte sal se-
ker gesien kan word in die volgen-
de paar wedstryde”.

LOOK
KLEREMAKERS
CALDERBANKSGEBOU,

Kerkstraat 102,

Potchefstroom.

Foon 855.

Gedruk deur Die Westelike Stem
en uitgegee deur die Redaksie
van „Wapad”.

WELKOM KAFEE
Von Wiellighstraat,
Lekkergoed, Sigarette,
Koeldranke.
Spesiale aandag aan
Studente.

FLEURETTE
BLOEMISTE
Kerkstraat 91,
POTCHEFSTROOM.
Spesiale Afslag aan
Studente.

KOM SIEN ONS—
vir al u
Fotografiese
en
Aptekersbenodighede.

GEEN & VELLEMAN
Kerkstraat,
POTCHEFSTROOM.

Drink en Geniet
S & S
Super Dilla
en
Super Orange.

Sherr & Shakinovsky
Autolaan,
POTCHEFSTROOM.
Foon 16.

INGRAM SE
BOTTELSTOOR

INGEVOERDE
en

KOLONIALE
WYNSTOORTE

en

SPIRITUALIEË

PRO REGE-PERS
Boekhandel
en
Antikwariaat.

VIR AL U
Wetenskaplike Boeke
en
Skryfbehoeftes.

Kerkstraat 59,
Telefoon 1164.

S.A.N.L.A.M.

J. L. M. Venter.

SPEZIALE
VERTEENWOORDIGER.

Noordbrugweg 3,
Telefoon 1247,
POTCHEFSTROOM.